



# COVID-19 JAAR

HOËRSKOOL DE AAR | DE AAR HIGH SCHOOL

## HSDA se slimkoppe word vereer.

COVID-19 het die jaar 2020 uitdagend gemaak, steeds het die leerders van Hoërskool De Aar hard gewerk om akademies te presteer. Dié jaar moes die Toekenningsgeleentheid anders benader word en is besluit om slegs die Graad 12-leerders vir hul prestasies te vereer.

Die vlagsereemonie, wat elke jaar 'n hoogtepunt is, het steeds plaasgevind, maar in plaas daarvan om leerders wat prestasies behaal het te vereer, het die Graad 12-leerders die leisels oorgegee aan die Graad 11-leerders in die verskeie gebiede.

Die SR van 2021 is aangekondig en die SR van 2020 het met trots hul balkies oorgegee aan volgende jaar se leier.

Die aand het op 'n hoogtepunt geëindig met die aankondiging van Clodelle Menne as die Dux-leerling van 2020.

Baie geluk aan al die Graad 12-leerders wat puik presteer het, HSDA is ongelooflik TROTS op julle.





### Mooistes pronk op verhoog.

Op 12 Maart, tydens die Karoofees, het Novels Mej. HSDA plaasvind. Die tema vir hierdie jaar was "Around the World". Elke deelnemer het 'n land gekry wat sy moes uitbeeld tydens die aand.

Die kategorieë vir die aand was "Around the World", elke deelnemer moes die land wat hulle gekies het op 'n oorspronklike manier uitbeeld. Die tweede kategorie was "Night out with Polo" elke deelnemer moes 'n uitrusting kies, uit verskeie Polo klere, verskaf deur Novels Shoe Store and Outfitters. Die laaste kategorie was "Evening wear" waar elke deelnemer formele drag moes dra en hulself aan die gehoor moes bekendstel.

Die top vyf is aangekondig en elkeen van hulle het 'n vraag gekry om te beantwoord en is beoordeel op hoe hulle die vraag beantwoord. Die wenners vir die aand was: Tweede prinses: Megan Bosman, Eerste prinses: Nelje Geysler en die Novels Mej. HSDA 2020 is Kayla Blom.

Baie geluk aan Kayla en dankie aan Novels Shoe Store and Outfitters wat die aand moontlik gemaak het.



### Novels Mej. HSDA doen deel vir liefdadigheid.

Op 16 Oktober 2020 het Kayla Blom, Novels Mej HSDA 2020, die kinders by FARR (De Aar) bederf. Sy het saam met hulle kolwyntjies gebak en elke kind kon kreatief raak en sy/haar eie kolwyntjie na hartelus versier. Dit was 'n dag vol lekker saam speel en eet. Die dag is afgesluit deur kinderverhale voor te lees.

Kayla het ook 'n projek gelooft, waar sy sanitêre produkte bymekaar gemaak het en by skole waar daar meisies is wat minder bevoorreg is uitgedeel. Dié projek is sover 'n reusesukses en almal is dankbaar vir elkeen se bydrae.

Ons wens Kayla sterkte toe met die res van haar termyn.



### New Leaders of 2021.

The new SC for 2021 was chosen during term 3. The voting had to change due to the COVID-19 pandemic, and voting took place over the course of four days instead of the usual one day.

The following learners were announced as the new SC of De Aar High School for the year 2021: Boys: Jeandré Rust, John-Ross Maske, Musa Tolong, Yolisa Mbalula, Kobus van der Walt and Tiaan Brand. Girls: Kayla Blom, Megan Bosman, Chandrey Geysler, Zimkhita Silo, Chanique van Syfer and Stephanie Douw.

The Head boy and Head girl for 2021: Jeandré Rust and Kayla Blom  
Deputy Head boy and Head girl: John-Ross Maske and Megan Bosman.

Congratulations to these learners, we hope they have a successful term.



### Matrieks sê vaarwel...

Op Maandag 2 November het die Graad 12-groep van 2020 hulle Uitstapdag gehad. Dié jaar is dinge, soos met baie ander aktiwiteite, anders gedoen as gevolg van die COVID-regulasies. Die Graad 12's en hul ouers is in die saal ontvang en die verrigtinge het voortgegaan.

Die gedig "If" is aan die matrieks as geskenk van die skool voorgelees en Rushinn Geduld het die eed namens die matriekklas voorgelees en onderteken.


Die Graad 12's gaan vir seker 'n leemte in die skool laat. Ons wens hulle alle sterkte toe met die toekoms wat voor hulle lê.



### Arende gaan internasionaal!

Zimkhita Silo, Megan Bosman en Nevelleigh West is gekies om aan onderskeie kompetisies in die VSA deel te gaan neem. Zimkhita gaan vir sang, Megan Gedigte en Prosa voordrag en Nevelleigh vir modelwerk.

Sterkte aan die drie besondere leerders. HSDA is voorwaar TROTS op julle!





# DIE NUWE NORMAAL



**HOERSKOOI DE AAR DE AAR HIGH SCHOOL**

2020-06-24

Dear Parents/Guardians

**EARLIER RE-OPENING AND PHASED APPROACH OF DE AAR HIGH SCHOOL FOR GR 8-11**

The SGB of De Aar High School really appreciate and support all the efforts by National and Provincial Government to curb the spread of the Corona Virus. We are committed from our side to do the same, but we share the opinion of the President of our beloved country, Mr Cyril Ramaphosa, that the virus is here to stay for the next few months; therefore all South African citizens and organisations must find a solution in managing the spread of this deadly virus, responsibly. We, as the SGB of De Aar High School, are of the opinion that we have effective and sufficient protocol in place to prevent the spread of the Corona Virus and therefore we want to apply for the earlier re-opening of our school for gr 8 to 11 pupils. We have an effective management plan in place and we would like to share our plan with you, and urge you to consider our application positively.

- Phasing in of all gr 11 pupils, and half of the gr 10 pupils on alternate days as from 29 June 2020.
- Phasing in of half of the gr 8 and 9 pupils on alternate days as from 20 July 2020.

In practice, if we are approved to phase in from 20 July 2020, above-mentioned imply the following:  
All gr 11 and 12 pupils will attend school weekly Monday - Friday.  
The gr 8 to 10 pupils will be divided into two groups:  
Group 1: + 50% of gr 8 to 10 pupils will attend school on Mon, Wed, Fri of week one, and Tue and Thur of week two.  
Group 2: + 50% of gr 8 to 10 pupils will attend school on Tue and Thur of week 1, and Mon, Wed and Fri, of week 2.  
Learners residing in hostel will attend the school every day as it is impossible for their parents to come and fetch them daily.

Grade 8	Group 1	Group 2
All surnames starting with A to Ma	Group 1	Mb to Z
Grade 9	Group 1	Group 2
All surnames starting with A to Ma	A to Ma	Mb to Z
Grade 10	Group 1	Group 2
All surnames starting with A to Ma	A to Ma	Mb to Z


**Re-opening plan:**  
1. **Entrance in the mornings:**  
The NCED appointed four screeners at De Aar High School who are currently doing duty at the pedestrian gate. They sanitise hands, take fever and complete the applicable questionnaire for each and every learner and visitor. We intend to use the current pedestrian gate for the entry of gr 11 and 12 pupils, with two screeners and two other staff members to sanitise hands, take fever and complete the applicable questionnaire for each learner and visitor. Furthermore we then intended to use the vehicle gate, only for pedestrians however (no vehicles), for the gr 8 to 10 pupils with the other two screeners and two other staff members to sanitise hands, take fever and complete the applicable questionnaire for each learner. This will take place from 07:00 to 07:30 every morning.



**Due to the quarantine . . .**

**I'll only be telling inside jokes.**

**@Dadsaysjoke**



Reg	7:35	8:00	0:25	
1	8:00	8:32	0:32	
2	8:32	9:04	0:32	
3	9:04	9:36	0:32	
4	9:36	10:08	0:32	
5	10:08	10:40	0:32	Pouse Gr 10 & 11
6	10:40	11:12	0:32	Pouse Gr 9 & 12
7	11:12	11:44	0:32	Pouse Gr 8
8	11:44	12:16	0:32	
9	12:16	12:48	0:32	
10	12:48	13:20	0:32	

**I'M GETTING TIRED OF BEING PART OF A MAJOR HISTORICAL EVENT**

### Vaarwel aan HSDA onnies.

Drie van HSDA se onderwysers heet ons vaarwel aan die einde van dié jaar. Ons het gaan hoor wat hulle planne vir volgende jaar is en wat hulle die meeste van HSDA sal mis.

#### Juffrou Olivier:

Juffrou Olivier gaan volgende jaar 'n skaapskeerdiens begin en hulle boerdery help bestuur. Sy sê ook dat sy die goeie gees en spanwerk van HSDA baie sal mis.



#### Juffrou Grobelaar:


Juffrou Grobelaar gaan volgende jaar by Hoërskool Kathu aansluit as onderwyser.

Wat sy die meeste gaan mis is die liefde van die kinders, die personeel en die aansteeklike gees. Elkeen wat daaglik verby haar gestap het se glimlag gaan sy vreeslik mis.



#### Juffrou Mathee:

Juffrou Mathee gaan volgende jaar by Hoërskool Alberton in Johannesburg skoolgee. Sy gaan die lekker skoolgees en samewerking van skoliere tot onderwysers die meeste mis.



WHEN I AM BRAVE ENOUGH TO SAY  
GOODBYE I'LL USE THE WINGS YOU GAVE ME  
AND AWAY I'LL FLY

#### Juffrou Kuhn word Juffrou NEL!!!

Ons het juffrou Kuhn gevra om haar troudag vir ons te beskryf...

“Hoe beskryf mens die wonderlikste dag in woorde. ‘n Dag wat ons nie gou sal vergeet nie. Pragtige venue, familie, vriende en heerlike kos. Ons dag wat vir altyd onthou sal word.”



#### Barnard bruilof!

Juffrou Thompson moes haar trouplanne verander as gevolg van die pandemie, hulle het stil stil by Bin-nelandsesake die knoop deurgehaak. Hulle beplan om 'n groot makietie (trouok en al) in April 2021 te hou.




#### Kaapse troue!

Meneer van Wyk het laasjaar die knoop deur gehaak in die prentjiemooi Stellenbosch. Dit was 'n pragtige troue, met baie lekker kos en 'n gesellige atmosfeer.



#### Nuwe Meneer vir HSDA.

Meneer van Heerden het na die nasionale inperking by die HSDA-familie aangesluit. Hy het nie net 'n nuwe werk begin nie, maar het ook 'n nuweling in die wêreld verwelkom.



#### Die ooievaar kom kuier.

Twee van Hoërskool De Aar se onderwysers verwag 'n baba. Juffrou Botha verwag 'n seuntjie wat op 7 Desember 2020 gebore word en Juffrou Maske se baba kom Junie 2021.

Baie geluk aan meneer en juffrou Botha en ook aan Juffrou Maske.



*Rudolph Mervé*



*Rudolph Mervé*



*Rudolph Mervé*



*Rudolph Mervé*



*Rudolph Mervé*



*Rudolph Mervé*





Graad 12B 2020



Graad 12R 2020



Graad 12S 2020



Graad 11L 2020



Graad 11J 2020



Graad 11N 2020



Rugby 1ste Span 2020



Netbal 1ste Span 2020



1ste Krieket Span 2020



Hokkie 1ste span 2020



1ste Span Dogters Tennis 2020



1ste Span Seuns Tennis 2020



Skaak Grey Toernooi 2020



Pom Poms 2020



VCSV Kringleiers 2020



Redenaars 2020





Koor 2020



SR 2020



VLR 2020



Matrieks en Personeel 2020

# NUWE ONNIES

“

HSDA verwelkom twee nuwe leerkragte

**We must become what we wish to teach.**



**Kariké Bekker**  
B-Ed FET Fase  
Lewens- en Natuurwetenskappe



**Ankia Myburgh**  
B-Ed FET Fase  
Engels/Rekeningkunde

“

HSDA verwelkom nuwe leerkrag

**We must become what we wish to teach.**



**Carlin Collins**  
B-Ed FET Fase  
Engels en Geskiedenis

**I DIDN'T CHOOSE THE TEACHER LIFE...**

BORED TEACHERS



**TEACHER LIFE CHOSE ME.**

**Teacher New Year's Resolution #1**

**I will not run and hide when I jam the copy machine.**



**MY FACE 98% OF THE TIME WHILE GRADING PAPERS**





### Eerste rugbyspan

Hoërskool De Aar se eerste rugbyspan het reeds vroeg in Januarie begin oefen vir die besige seisoen wat voorlê. Dis 'n jong span wat baie belowend lyk. Die span se voorspelers domineer tydens elke wedstryd en dit gee vir die agterste spelers hope geleenthede om met die bal te hardloop. Hierdie span speel opwindende rugby.

Uitslae vir die jaar is as volg:

Hoërskool De Aar wen teen Hoërskool Gariep	10-0
Hoërskool De Aar wen teen Hoërskool Groblershoop	24-0
Hoërskool De Aar wen teen Hoërskool Colesberg	29-0
Hoërskool De Aar verloor teen Hoërskool Kalahari	5-12
Hoërskool De Aar wen teen Hoërskool Vaalharts	18-5

Groot dinge kan van hierdie span verwag word.



### 0.17 Rugby

Die eerste kwartaal van o.17-rugby het op 'n hoë noot afgeskop. Die spelers het begin deur vir hulself, asook die span as 'n geheel doelwitte uit te sit vir die jaar. Hierdie doelwitte het nie net die sport behels nie, maar as span het hulle akademiese doelwitte uitgesit. Ek as afrigter is uiters trots op die seuns vir die inisiatief wat hul geneem het.

Daar is alreeds vyf wedstryde gespeel, waarvan drie gewen en een verloor en een gelykop gespeel is. Die seisoen lyk belowend en die spelers groei as span en as leerders van Hoërskool De Aar, by die dag.



### 0.15 Rugby

Die rugbyseisoen skop af op 22 Februarie waar die seuns na Prieska reis vir hul eerste wedstryd. Die seuns het twee wedstryde gespeel waarvan hulle een uit die twee verloor het. Die wedstryde was gespeel teen Hoërskool Prieska en Hoërskool Groblershoop.

Hoërskool De Aar wen Hoërskool Prieska	10-7
Hoërskool De Aar verloor teen Hoërskool Groblershoop	0-10

Vrydag 28 Februarie kom die seuns teen Hoërskool Colesberg te staan. Ongelukkig verloor die span 24-25. Die span besef dat hulle harder moet werk, maar kom ongelukkig nie die mas op teen Hoërskool Kalahari nie. Die spel was baie fisies en Kalahari stap as wenners uit die stryd met 47-19 in hul guns. Die naweek van die Karookees breek aan en die liga skop ook af. Ons seuns het vasberade op die veld gegaan en stuur Vaalharts met die kous oor die kop huistoe. Die eindtelling was Hoërskool De Aar - 19 en Vaalharts -17.



Ons het ongelukkig uitgeval ! Baie dankie vir almal se ondersteuning. Ons was top 32 in die land en nr. 1 in die NK. Om amper 4500 stemme te kry van n skool met 400 leerders bewys net wat n gemeenskap kan doen wat saam staan !  
Dankie Thank you  
Enkosi

### School of Rugby kompetisie

Tydens die nasionale inperking kon geen sport voortgaan nie. Die School of Rugby blad op Facebook het 'n kompetisie geloots waar daar vir skole se eerste rugbyspanne gestem moet word.

De Aar het gewys wat 'n gemeenskap wat saam staan kan doen en in die top 32 in die land en 1ste in die Noord-Kaap geëindig.

Baie dankie vir meneer Botha wat die projek vuur en vlam aangepak het en vir elke leerder wat gestem het en stemme gewerf het.

Dit was iets om na uit te sien in hierdie deurmekaar jaar!

## Hokkie

Die hokkie seisoen het die naweek van 21 tot 22 Februarie met die Astro Platte-land Toernooi op Upington afgeskop. Twee spanne het deelgeneem. Die A-span het drie wedstryde gespeel en twee van die drie gewen. Die B-span het ook drie wedstryde gespeel waarvan hulle al drie gewen het.

Op 14 Maart het die eerstespan teen Vaalharts kragte gemeet en oortuigend gewen met 8-0.



## Netbal

Ons netbalseisoen skip reeds in Februarie af om die sewe netbalspanne gereed te kry vir die seisoen wat voorlê.

Al die doele woon 'n kursus op Patrys van der Merwe se plaas op 25 Februarie by. Hier word doeltegniese, samespel tussen spelers in die doelsirkel en die fyner kunsies van doelspel vir hulle aangeleer. Patrys help hulle ook om die sielkundige druk te hanteer, omdat hulle die enigstes in die span is wat punte kan aanteken.

Drie van ons spanne neem weer aan Fichardpark se sportdag op 29 Februarie deel. Die reën het spel 'n bietjie gekniehalter en elke span kon net een wedstryd speel voordat alle wedstryde gekanselleer moes word. Die o.14 A-span verloor 6-5 teen HTS Louis Botha. Ons kon vroeg in die seisoen sien watter foute aan gewerk moet word. Die o.15 A-span wen 12-4 teen Hoërskool Sand du Plessis. Die span het sommer kookwater netbal gespeel en hul opponente, veral in die doelsirkel, laat les opsê. Die o.19 A-span verloor teen Hoërskool Eunice. Ten spyte van die feit dat ons span in lengte te kort geskiet het, het hulle nie 'n tree teruggestaan wat die kwaliteit van hul spel betref nie.

Tydens die Karoo fees speel ons teen Hoërskool Vaalharts. Ons spanne was uitgedun as gevolg van die proewe, maar ons vat hul met geesdrif aan. Slegs die o.17-span kon daarin slaag om te wen.



**Winning means you're willing to go longer, work harder, and give more than anyone else.**

Vince Lombardi

Sports Illustrated

It isn't the mountains ahead to climb that wear you out; it's the pebble in your shoe.

– Muhammad Ali



**"ONE MAN CAN BE A CRUCIAL INGREDIENT ON A TEAM, BUT ONE MAN CANNOT MAKE A TEAM."**

– Kareem Abdul-Jabbar



### Krieket

Hoërskool De Aar se eerste krieketspan het die afgelope kwartaal ongelukkig net een wedstryd gespeel as gevolg van die wonderlike reën waarmee ons geseën is die afgelope seisoen. Hoërskool De Aar het daarin geslaag om Hoërskool Orion met 70 lopies te klop.



### Atletiek

Hoërskool De Aar bied op 15 Februarie 2020 die Emthanjeni Atletiek Byeenkoms in De Aar aan. Na 'n suksesvolle dag spog ons atlete met tien eerste plekke, ses tweede plekke en drie derde plekke. Die skool bedank almal wat 'n bydrae gelewer het om die dag 'n sukses te maak.

Op 29 Februarie 2020 neem twaalf van ons atlete aan die Pixley ka Seme Atletiekbyeenkoms op De Aar deel. Die kompetisie was sterk, maar die leerders het hulle goed van hulle taak gekwyt. Na 'n lang, uitputtende dag slaag die atlete om twee goue medaljes, ses silwer medaljes en vier brons medaljes te verower. Elské du Toit (goud in diskus en brons in gewigstoot), Anlie Human (silwer in diskus en gewigstoot), Iling Fan (silwer in 100m hekkies en silwer vir die 100m en 200m), Camon Simons (brons driesprong), Lawrenzo Swarts (silwer in driesprong en verspring), Shanique Williams (silwer in spiesgooi) en Maxwenique Jooste (goud driesprong). Ses atlete dring deur na die Noord Kaap byeenkoms.

Op 7 Maart 2020 is die Noord-Kaap Byeenkoms in Upington gehou. Ten spyte van die warm son het ons atlete goed presteer. Lawrenzo Swarts het tweede in verspring seuns o.19 gekom, Anlie Human het tweede in gewigstoot en derde in diskus vir dogters o.19 gekom. Elske du Toit het eerste in diskus vir dogters o.19 gekom. Maxwenique Jooste het derde in verspring gekom, dogters o.17. Shanique Williams het derde in spiesgooi dogters o.17 gekom. Baie geluk aan die atlete – Hoërskool De Aar is baie trots op julle!



Hoërskool De Aar het 'n baie besige tennis kwartaal gehad.

Ons het die kwartaal begin deur 'n wedstryd te speel teen Hoërskool Hopetown, op Hopetown. Hierdie wedstryd het gedien as voorbereiding vir die Noord-Kaap Tennisproewe wat die daaropvolgende naweek plaas gevind het. Hoërskool Hopetown is formidabele opponente, maar Hoërskool De Aar kon daarin slaag om hulle 16-11 te wen.

Die naweek van 23 tot 25 Januarie het sewentien van Hoërskool De Aar se tennisspelers aan die Noord-Kaap Tennisproewe in Kimberley deelgeneem. Die wedstryde was taai en dit was baie warm, maar heelparty van Hoërskool De Aar tennisspelers kon daarin slaag om in die Noord-Kaap Tennisspan opgeneem te word.

Volgende aan die beurt was Hoërskool Middelburg. Maandag, 27 Januarie het Hoërskool Middelburg na De Aar gereis om teen Hoërskool De Aar kragte te kom meet. Daar het 'n goeie gees tussen die twee spanne se spelers geheers en kompeterende tennis is gespeel. Hoërskool De Aar maak korte metten van hul opponente en wen Hoërskool Middelburg 15-14.

Hoërskool Upington reis na De Aar op 1 Februarie om hul staal te kom wys. Hoërskool De Aar se spelers staan egter nie terug vir die uitdaging nie en speel uitmuntenende tennis. Hulle wen oortuigend teen Hoërskool Upington, met 18-14.

Hoërskool De Aar het ook op 28 Februarie aan die Fichardtpark Sportdag in Bloemfontein deelgeneem. Hier het ons spelers weereens baie goed gevaar met 'n vyfde plek vir die seuns en 'n vierde plek vir die dogters.

